JOHAN NORVAL JNorval@landbou.com

# SUSSEX: NUWE BENADERING TOT BEESSKOUE

Vier telers van die Sussexbeestelersgenootskap het van hul diere op 3 en 4 Junie op 'n sonderlinge skou, die Nuwe Geslag-skou (New Generation), in die Vrystaat aangebied. Dis die eerste keer dat 'n beoordelaar diere op verskillende plase besoek om kampioene aan te wys.

Dié eer het die internasionaal bekende mnr. Martin Seyfferdt van Bloemfontein te beurt geval en diere van Advocate-Sussex van oudregter Callie Cillié, wes van Bloemfontein, Blema ba Kan van mnr. Junior Keyser by Kroonstad, Pritchard-Sussex van mnr. Piet van Wyk by Bothaville en Pothou-Sussex van mnr. George Potgieter by Viljoenskroon is beoordeel. Dit was 'n toetslopie ná die genootskap se eeufeesviering weens Covid-19 tot 2021 uitgestel moes word.

Die vroulike kampioene is almal uit die Pothou-stoetery afkomstig, naamlik Pothou Carnation 20ste (junior en raskampioen, vroulik), Pothou PSS 144829 (senior kampioenkoei), Pothou Zuma 17de (jongverskampioen) en Pothou Actress 111 (verskalfkampioen). **LBW**











**1** **Senior en raskampioen**, Pothou Commander. Eienaar: Mnr. George (082 787 3899) en me. Daleen Potgieter, plaas Uithou, Viljoenskroon.

**2** **Junior kampioen**, Advocate Diamond 6E. Eienaar: Regter Callie (083 388 0830) en me. Erina Cillié, Bloemfontein.

**3** **Jongbulkampioen**, Pothou Ball Tamper 4de. Eienaar: Mnr. George en me. Daleen Potgieter.

**4** **Kalfkampioen**, asook **fase D-kampioen**, Pothou Charles 9de. Eienaar: Mnr. George en me. Daleen Potgieter.

**5** **Fase C-kampioen**, Advocate Steel Train. Eienaar: Regter Callie en me. Erina Cillié.

Belangstellendes kan **Landbou.com** besoek vir 'n video van die volledige uitslae van die kampioene, asook videomateriaal van die vroulike diere.


WATERBRON KAARTE

- Geologiese Kaart Distrik
- Geologiese Kaart Plaas
- Lug Magnetiese Kaart Plaas
- Infrarooi Satelliet Beeld Plaas
- Waterbron Kaarte Plaas

Minerale Kaart

- Data Hoogte Kaart
- Infrarooi Landsat 8 Kaart
- Infrarooi Aster Data Kaart
- Minerale Kaart

**Suid-Afrika | Namibië | Angola | Botswana | Zambië | Mosambiek**

***Kaarte word as 'n pakket voorsien.***

Voor U dink om te boor vir ondergrondse water, kontak ons eers sodat U kan seker maak van U plaas se potensiaal.

**Kontak Jacques 071 292 3128 | kaarte@mooiwater.co.za**
**www.mooiwater.co.za**

VEEDIEFSTAL?
ROOFDIERE?

SKAPE • BEESTE • BOKKE • PERDE

GPS ALARM OP JOU SELFOON

FARM Ranger
VEE-SEKURITEITSHALSBANDE

+27 (0)28-212-3346
info@farmranger.co.za
www.farmranger.co.za